




IMPLEMENTERINGSPLAN: KEURING EN TOELATING VIR VOORGRAADSE PROGRAMME

1. DOEL

Hierdie dokument bevat die riglyne wat gevolg word in die aansoek-, keurings-, en toelatingprosedures vir voorgraadse programme wat deur die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied word. Die keurings- en toelatingsproses geskied ooreenkomstig die [Toelatingsbeleid van die Universiteit Stellenbosch \(US\)](#).



2. VOORWAARDES

- 2.1 Voornemende nuweling eerstejaarstudente moet vir drie voorgraadse programme (nie noodwendig almal in dieselfde fakulteit nie).
- 2.2 Alle graadprogramme is onderhewig aan 'n keuringsproses gegrond op minimum toelatingsvereistes, keuringskriteria, en die getal studente wat per program geakkommodeer kan word.
 - **Toelatingsvereistes** (in [Bylae 1 en 2](#) hieronder) is die **minimum** vereistes waaraan 'n aansoeker moet voldoen om vir keuring en toelating in aanmerking te kom.
 - **Keuringskriteria** (gegrond op 'n keuringspunt) se afsnypunt kan hoër wees na gelang van die aantal aansoeke wat ontvang word, en word vir keuring gebruik.
- 2.3 Jy sal oorweeg word vir, en 'n voorwaardelike aanbod ontvang vir elke gekose program **indien jy aan die keuringskriteria** voldoen. Hierdie voorwaardelike aanbiedinge mag moontlik nie op dieselfde tyd uitgereik word nie. Enige versoek om die keuse van die drie programme te verander moet aan info@sun.ac.za gerig word, maar geen veranderinge kan gemaak word nadat jy 'n onsuksesvolle status ontvang het nie. Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.
- 2.4 Die onus rus op jou as aansoeker om gereeld jou aansoekstatus na te gaan en te reageer op enige moontlike voorwaardelike aanbod vóór die sperdatums.
- 2.5 'n Voorwaardelike aanbod wat verval sal **nie** heruitgereik word nie. Aansoekers wie se finale aanbod verval het, moet 'n versoek rig aan ([Special request application](#)) vir herooring.

3. PROSEDURE

3.1 Aansoek

- 3.1.1 Volledig voltooide aansoeke moet aanlyn **teen 31 Julie** van die voorafgaande jaar van beplande studie, ingedien word.
- 3.1.2 'n **VOLLEDIG VOLTOOIDE AANSOEK** beteken dat al die stappe van die aansoekproses voltooi is en dat alle nodige dokumente ingedien is. Jy sal dan 'n e-pos ontvang wat ontvangs van jou aansoek bevestig.

- 3.1.3 Aansoekers wat besig is met hulle finale skooljaar word op grond van hulle graad 11-punte gekeur vir 'n spesifieke program, en sal 'n **voorwaardelike** aanbod vir toelating tot daardie program ontvang indien hulle aan die keuringskriteria voldoen. Hierdie voorwaardelike aanbod moet teen 30 September aanvaar word. 'n Voorwaardelike aanbod wat ná 30 September uitgereik word, is geldig vir 'n beperkte tydperk soos gespesifiseer deur die Universiteit op SUNStudent.
- 3.1.4 Aansoekers wie se skoleindeksamenuitslae óók voldoen aan die keuringskriteria van die program waarvoor hulle reeds 'n voorwaardelike aanbod aanvaar het, sal 'n finale aanbod ontvang om aan die US te studeer. Hierdie finale aanbod moet aanvaar word binne die tydperk soos gespesifiseer deur die Universiteit op SUNStudent.
- 3.1.5 Aansoekers wat alreeds in besit van 'n skoleindsertifikaat is, sal gekeur word op grond van daardie uitslae, tensy hulle aandui dat hulle besig is om hulle skoleinduitslae te verbeter.
- 3.1.6 Aansoekers wat nie aan die keuringskriteria voldoen nie, maar in die proses is om hulle graad 12-punte te verbeter, sal *Waiting List status* ontvang en moet 'n spesiale versoek vir oorweging indien ([Special request application](#)) nadat hulle die verbeterde punte by die Sentrale Aansoekkantoor (info@sun.ac.za) ingedien het.
- 3.1.7 Aansoekers wat tans/voorheen by 'n ander Hoër Onderwysinstelling ingeskryf is/was, en wat wil skuif na 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe:
- moet aansoek doen met hul finale skooluitslae **en** mees onlangse akademiese rekord van hul huidige of vorige hoërondewysinstelling.
 - sodanige aansoekers sal *Waiting List status* ontvang totdat hul finale jaareinduitslae van die bepaalde Hoër Onderwysinstelling ingedien is en vasgelê is deur die Sentrale Aansoekkantoor (info@sun.ac.za).
 - Hierdie aansoekers moet 'n spesiale versoek om toelating ([Special request application](#)) indien en sal gedurende Fase 4 oorweeg word.
 - Aansoekers wat akademiese uitsluiting-status of dissiplinêre stappe teen hul gehad het by hul vorige hoërondewysinstelling, moet hul hertoelatingstatus bekend maak. Die Fakulteit se Hertoelatingsappèlkomitee behou die reg voor om toelating te weier vir 'n aansoeker wat akademies by 'n ander hoërondewysinstelling uitgesluit is.
- 3.1.8 Aansoekers met 'n **gestremdheid** moet bykomend ook die vorm vir Studente wat addisionele steun benodig van die [Sentrum vir Studentevoorligting en -](#)

[ontwikkeling](#) voltooi en die [Eenheid vir Gestremdhede](#) kontak om vóór 30 September 'n vergadering met die Fakulteit Natuurwetenskappe te reël om te bepaal watter tipe ondersteuning benodig word, asook wat die Fakulteit sal kan bied. Hierna sal die haalbaarheid van die voltooiing van die program bepaal word, alvorens hierdie aansoekers vir keuring oorweeg sal word.

- 3.1.9 Aansoekers met 'n toegewing ten opsigte van spesiale behoeftes op skool, moet OOK die vorm vir Studente wat addisionele steun benodig van die [Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling](#) voltooi en die [Eenheid vir Gestremdhede](#) kontak om vóór 30 September 'n vergadering met die Fakulteit Natuurwetenskappe te reël om te bepaal watter tipe ondersteuning benodig word, asook wat die Fakulteit sal kan bied.

3.2 Keuring

Die keuringsproses word deur die Fakulteit Natuurwetenskappe se Keurkomitee behartig in ooreenstemming met die [Universiteit Stellenbosch se Toelatingsbeleid](#). Die Keurkomitee is saamgestel uit die Dekaan, die Visedekaan: Onderrig & Leer, die Direkteur: Fakulteitsbestuur, die Fakulteitsadministrateur en die Koördineerder: Akademiese en Studentebelange. Alle besluite van die komitee is dus finaal.

3.3 Keuring vir Programme

- 3.3.1 Die Fakulteit het 'n inname-teiken van 750 nuweling eerstejaarstudente, waarvan minstens 40% teen 2027 uit diversiteitskandidate moet bestaan. Vir elke program is daar ook 'n toelatingsteiken.

3.3.2 Keuringspunt

Aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen ([Bylae 1 en 2](#)) word in rangorde geplaas volgens 'n **Keuringspunt (KP)**, wat as die hoof keuringsmeganisme gebruik word en as volg bereken word:

NSS & IEB	$[(2 \times \text{Wiskundepunt}) + \text{die punte van vyf ander vakke}] \div 7$ <ul style="list-style-type: none"> Die Lewensoriënteringpunt word uitgesluit in die berekening van die keuringspunt. Engels/Afrikaans as Huis- of Eerste Addisionele Taal sal ingesluit word in die berekening van die keuringspunt.
NSS & IEB (meer as ses skoolvakke)	$[(2 \times \text{Wiskundepunt} + \text{die punte van die vyf beste vakke}] \div 7$ <ul style="list-style-type: none"> Die Lewensoriënteringpunt word uitgesluit in die berekening van die keuringspunt. Engels/Afrikaans as Huis- of Eerste Addisionele Taal sal ingesluit word in die berekening van die keuringspunt.
Internasionale Skooleind-kwalifikasies	$[(2 \times \text{Wiskundepunt} + \text{die punte van ander vakke (n)}] \div (n+2)$ <ul style="list-style-type: none"> Indien Fisiese Wetenskappe 'n vereiste van die program is, word Fisika EN Chemie ingesluit. (Verwys na Bylaag 2 vir die toepaslike vlakke vir elke program) Engels as vak sal ingesluit word in die berekening van die keuringspunt.

3.3.3 As jy in jou finale skooljaar is, word die finale graad 11-vorderingspunt gebruik om die keuringspunt te bereken.

3.3.4 Indien jy alreeds in besit van 'n finale skooleindsertifikaat is, word die finale skooleindeksamenuitslae gebruik om die keuringspunt te bereken.

4. KEURINGSFASES

Daar is vier keuringsfases vir elke program, na gelang van die beskikbaarheid van plekke in die spesifieke program.

Keuringsfases	Beskrywing		
Fase 1 1 Apr - 31 Julie	Aanzoekers met 'n Keuringspunt (KP) $\geq 80\%$ sal binne ses weke nadat 'n volledige aansoek ingedien is, 'n voorwaardelike aanbod ontvang. Hierdie voorwaardelike aanbod moet teen 30 September aanvaar word.		
Fase 2 1 Aug - 30 Sep	Aanzoekers met 'n Keuringspunt (KP) binne die gespesifiseerde omvang (of hoër) vir hul gekose program, soos in die onderstaande tabel aangedui word, sal 'n voorwaardelike aanbod ontvang binne twee maande nadat 'n volledige aansoek ingedien is. Hierdie voorwaardelike aanbod moet teen 30 September aanvaar word.		
	<table border="1"> <tr> <td>Programme</td> <td>Keuringspunt (KP) Omvang</td> </tr> </table>	Programme	Keuringspunt (KP) Omvang
Programme	Keuringspunt (KP) Omvang		

Keuringsfases	Beskrywing																																										
	<table border="1"> <tr> <td colspan="2" data-bbox="416 304 1431 338">Biologiese Wetenskappe</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 338 1070 371">• Biodiversiteit en Ekologie</td> <td data-bbox="1070 338 1431 371">≥70</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 371 1070 405">• Menslike Lewenswetenskappe</td> <td data-bbox="1070 371 1431 405">≥75</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 405 1070 439">• Sportwetenskap</td> <td data-bbox="1070 405 1431 439">≥70</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 439 1070 472">• Molekulêre Biologie en Biotegnologie</td> <td data-bbox="1070 439 1431 472">≥75</td> </tr> <tr> <td colspan="2" data-bbox="416 472 1431 506">Fisiese Wetenskappe</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 506 1070 539">• Chemie</td> <td data-bbox="1070 506 1431 539" rowspan="4">≥70</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 539 1070 573">• Aardwetenskappe</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 573 1070 607">• Geoinformatika</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 607 1070 640">• Fisika</td> </tr> <tr> <td colspan="2" data-bbox="416 640 1431 674">Interdisiplinêr</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 674 1070 707">• Biowiskunde</td> <td data-bbox="1070 674 1431 707" rowspan="4">≥75</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 707 1070 741">• Biomediese Wiskundige Wetenskappe</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 741 1070 775">• Toegepaste Medisinale Chemie</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 775 1070 808">• Bioinformatika en Berekeningsbiologie</td> </tr> <tr> <td colspan="2" data-bbox="416 808 1431 842">Wiskundige Wetenskappe</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 842 1070 875">• Operasionele Navorsing</td> <td data-bbox="1070 842 1431 875" rowspan="3">≥75</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 875 1070 909">• Toegepaste Wiskunde</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 909 1070 943">• Wiskunde</td> </tr> <tr> <td colspan="2" data-bbox="416 943 1431 976">Rekenaarwetenskap</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 976 1070 1010">• Algemene Rekenaarwetenskap</td> <td data-bbox="1070 976 1431 1010" rowspan="3">≥78</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 1010 1070 1043">• Datawetenskap</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 1043 1070 1077">• Rekenaarstelsels</td> </tr> <tr> <td colspan="2" data-bbox="416 1077 1431 1111">Datawetenskap</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 1111 1070 1144">• Rekenaarwetenskap</td> <td data-bbox="1070 1111 1431 1144" rowspan="3">≥80</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 1144 1070 1178">• Statistiese Fisika</td> </tr> <tr> <td data-bbox="416 1178 1070 1211">• Toegepaste Wiskunde</td> </tr> </table>	Biologiese Wetenskappe		• Biodiversiteit en Ekologie	≥70	• Menslike Lewenswetenskappe	≥75	• Sportwetenskap	≥70	• Molekulêre Biologie en Biotegnologie	≥75	Fisiese Wetenskappe		• Chemie	≥70	• Aardwetenskappe	• Geoinformatika	• Fisika	Interdisiplinêr		• Biowiskunde	≥75	• Biomediese Wiskundige Wetenskappe	• Toegepaste Medisinale Chemie	• Bioinformatika en Berekeningsbiologie	Wiskundige Wetenskappe		• Operasionele Navorsing	≥75	• Toegepaste Wiskunde	• Wiskunde	Rekenaarwetenskap		• Algemene Rekenaarwetenskap	≥78	• Datawetenskap	• Rekenaarstelsels	Datawetenskap		• Rekenaarwetenskap	≥80	• Statistiese Fisika	• Toegepaste Wiskunde
Biologiese Wetenskappe																																											
• Biodiversiteit en Ekologie	≥70																																										
• Menslike Lewenswetenskappe	≥75																																										
• Sportwetenskap	≥70																																										
• Molekulêre Biologie en Biotegnologie	≥75																																										
Fisiese Wetenskappe																																											
• Chemie	≥70																																										
• Aardwetenskappe																																											
• Geoinformatika																																											
• Fisika																																											
Interdisiplinêr																																											
• Biowiskunde	≥75																																										
• Biomediese Wiskundige Wetenskappe																																											
• Toegepaste Medisinale Chemie																																											
• Bioinformatika en Berekeningsbiologie																																											
Wiskundige Wetenskappe																																											
• Operasionele Navorsing	≥75																																										
• Toegepaste Wiskunde																																											
• Wiskunde																																											
Rekenaarwetenskap																																											
• Algemene Rekenaarwetenskap	≥78																																										
• Datawetenskap																																											
• Rekenaarstelsels																																											
Datawetenskap																																											
• Rekenaarwetenskap	≥80																																										
• Statistiese Fisika																																											
• Toegepaste Wiskunde																																											
<p>Fase 3 Begin 1 Oktober</p>	<p>Aanzoekers wat 'n voorwaardelike aanbod vir 'n program in 'n ANDER fakulteit aan die US aanvaar het, en na 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe wil oorskakel, sal gedurende hierdie fase oorweeg word.</p> <p>Sodanige aanzoekers met 'n keuringspunt van ≥80%, kan 'n voorwaardelike aanbod van die Registrateur se kantoor ontvang.</p> <p>Nog 'n rondte van keuring kan gedoen word vir programme wat plekke beskikbaar het.</p>																																										
<p>Fase 4 Hierdie fase vind plaas nadat die skoleinduitslae bekend gemaak is.</p>	<p>Aanzoekers wat 'n voorwaardelike aanbod aanvaar het EN wie se finale skoleindeksamenuitslae aan die keuringskriteria van hul spesifieke program voldoen, sal 'n finale aanbod ontvang om aan die US te studeer. Hierdie finale aanbod moet aanvaar word binne die tydperk soos gespesifiseer deur die Universiteit op SUNStudent, gewoonlik twee kalenderdae vanaf die datum van uitreiking.</p> <p>Aanzoekers wat 'n voorwaardelike aanbod vir 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe aanvaar het en wat die keuringspunt met 1% mis EN aan die minimum toelatingskriteria vir Wiskunde en Fisiese Wetenskappe vir hul spesifieke program voldoen, kan 'n finale aanbod ontvang om aan die US te studeer. Hierdie finale aanbod moet aanvaar</p>																																										

Keuringsfases	Beskrywing
	<p>word binne die tydperk soos gespesifiseer deur die Universiteit op SUNStudent, gewoonlik twee dae vanaf die datum van uitreiking.</p> <p>Aanzoekers wat 'n voorwaardelike aanbod vir 'n program van 'n ANDER fakulteit aanvaar het, maar na 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe wil oorskakel, moet 'n spesiale versoek (Special request application) indien om gedurende hierdie fase oorweeg te word.</p> <p>Aanzoekers wat 'n Spesiale Versoek om Toelating ingedien het, (verwys na afdeling 5 vir die kategorieë) sal gedurende hierdie fase oorweeg word.</p>

5. FINALE AANBOD

- 5.1 Finale aanbiedinge word uitgestuur nadat die finale skoleindeksamenpunte oorweeg is.
- 5.2 Aanzoekers wie se finale skoleindeksamenpunte voldoen aan die keuringskriteria van die program waarvoor hul alreeds 'n voorwaardelike aanbod aanvaar het, sal 'n finale aanbod ontvang om aan die US te studeer.
- 5.3 Dit is noodsaaklik dat aanzoekers wat 'n finale aanbod ontvang, dit moet aanvaar binne die tydperk soos gespesifiseer deur die Universiteit op SUNStudent, gewoonlik twee kalenderdae vanaf die datum van uitreiking.
- 5.4 **Slegs** aanzoekers wat hulle finale aanbod betyds aanvaar, sal finale toelatingstatus verkry en toestemming kry om te registreer.
- 5.5 Indien 'n aansoeker versuim om hul finale aanbod betyds te aanvaar, sal dit verval en sal hulle nie toegelaat word om te registreer nie. Aanbiedings wat verval het, sal nie heruitgereik word nie, en aanzoekers moet 'n [Spesiale versoek vir Toelating](#) indien hul heroorweeg wil word.

6. SPESIALE VERSOEKE OM TOELATING

6.1 Die indien van spesiale versoeke om toelating

Spesiale versoeke om toelating sal tydens Keuringsfase 4 oorweeg word. Hierdie spesiale versoeke moet **aanlyn ingedien** word via die vorm [Spesiale Versoek om Toelating](#). Hierdie vorm sal aktief wees vanaf 2 Januarie tot twee dae voor die laaste

dag van op-kampusregistrasie. Een van die volgende vier kategorieë kan gekies word:

KATEGORIE 1: Verlengde Kurrikulumprogram (VKP)

'n Aansoeker wat die voorwaardelike aanbod vir 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe aanvaar het, maar wie se skoolindeksamenuitslae nie aan die keuringskriteria van die spesifieke program voldoen nie, kan vir 'n Verlengde Kurrikulumprogram (VKP) oorweeg word mits die aansoeker:

- nog nie voorheen by die Universiteit Stellenbosch of by enige ander Hoëronderwysinstelling geregistreer was nie; en
- stawende dokumentasie op versoek van die Keurkomitee verskaf.

KATEGORIE 2: Verandering van program of fokusarea binne die Fakulteit Natuurwetenskappe

Aansoekers wat 'n voorwaardelike of finale aanbod aanvaar het vir 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe, maar van program of fokusarea wil verander.

- (i) Indien jou keuringspunt 80% en hoër is, kan jy in aanmerking kom vir 'n aanbod van ons. Stuur asseblief 'n e-pos aan sciencerc@sun.ac.za
- (ii) Indien jou keuringspunt laer as 80% is, maar steeds voldoen aan die programspesifieke keuringspunt vir die nuwe program waarna jy wil verander, moet jy 'n [Spesiale Versoek](#) indien.

Voorwaarde: slegs aansoekers wat aan die keuringskriteria van die nuwe program voldoen (verwys na [Afdeling 4](#)) kan 'n versoek indien.

KATEGORIE 3: Verandering van program vanaf 'n ander fakulteit

Aansoekers wat nie aanvanklik aansoek gedoen het by die Fakulteit Natuurwetenskappe nie, wat 'n voorwaardelike aanbod aanvaar het vir 'n

program in 'n ander fakulteit aan die Universiteit Stellenbosch, maar wil oorskakel na 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

OF

Aansoekers wat aanvanklik by die Fakulteit Natuurwetenskappe aansoek gedoen het, maar 'n voorwaardelike of finale aanbod vir 'n program in 'n **ander** fakulteit aan die Universiteit Stellenbosch aanvaar het, en nou na 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe wil oorskakel:

- (i) Indien jou keuringspunt 80% en hoër is, kan jy in aanmerking kom vir 'n aanbod van ons. Stuur asseblief 'n e-pos aan sciencerc@sun.ac.za
- (ii) Indien jou keuringspunt laer as 80% is, maar steeds voldoen aan die programspesifieke keuringspunt vir die nuwe program waarna jy wil oorskakel, moet jy 'n Spesiale Versoek indien.

Voorwaarde: slegs aansoekers wat aan die keuringskriteria van die nuwe program voldoen (verwys na [Afdeling 4](#) en [Bylae 1 en 2](#)) kan 'n versoek indien.

KATEGORIE 4: Verbeterde skoleindeksamenpunte

Aansoekers wat hul **skoleindeksamenpunte verbeter het**, sal deur die Registrateursafdeling op 'n waglys geplaas word totdat die finale opgedateerde uitslae ingedien word. Dien asseblief jou opgedateerde uitslae saam met jou aansoekverwysingsnommer in by info@sun.ac.za.

Voorwaarde: slegs aansoekers wat aan die keuringskriteria van die program voldoen (verwys na [Afdeling 4](#)) kan 'n versoek indien.

6.2 Oorweging van spesiale versoeke om toelating

Die Keurkomitee sal daaglik aansoeke oorweeg tot twee dae voor die laaste dag van op-kampusregistrasie. Elke aansoeker sal per e-pos van die uitslag verwittig word en die status op SUNSStudent sal opdateer word. Aansoekers wie se versoeke goedgekeur is, sal 'n nuwe aanbod om te studeer ontvang, wat aanvaar moet word

binne die tydperk soos gespesifiseer deur die Universiteit op SUNStudent, gewoonlik twee kalenderdae vanaf die datum van uitreiking.

7. HERTOELATING Ná ONSUKSESSVOLLE STUDIE

Studeer wat voorheen by die Universiteit Stellenbosch (US) of by enige ander hoërsonderwysinstelling geregistreer was, **maar** wie se hertoelatingstatus nie in orde is by die US of hul vorige hoërsonderwysinstelling nie as gevolg van akademiese uitsluiting of dissiplinêre stappe en sodoende nie aan die bevorderingsvereistes voldoen om aan die US te studeer nie, moet 'n hertoelatingsappèlaansoek EN 'n nuwe aansoek om by die US te studeer, indien. Die Fakulteit se Hertoelatingsappèlkomitee behou die reg voor om hertoelating te weier aan 'n aansoeker wat akademies by 'n ander hoërsonderwysinstelling uitgesluit is. Vir meer besonderhede, verwys asseblief na die US se [Algemene Jaarboek \(Deel 1\)](#) en/of kontak info@sun.ac.za.

Bylaag 1: Minimum toelatingsvereistes volgens die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) en Internasionale Eksamenraad (*International Examination Board*, IEB) skooleindsertifikaat:

- 1) 'n gemiddelde prestasiepunt van minstens 65% (Lewensoriëntering uitgesluit) en
- 2) 'n prestasievlak van minstens (50%) 4 in Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal); en
- 3) met die minimum toelatingsvereistes vir hoofstroomprogramme soos hieronder uiteengesit:

Programme	Minimum toelatingsvereistes
BIOLOGIESE WETENSKAPPE	
1.1 Biodiversiteit en Ekologie 1.1.1 Klimaatsveranderinge/ekologie 1.1.2 Plant- en Dierbiodiversiteit 1.1.3 Plante & Mikrobies	Fisiese Wetenskappe 4 (50%) EN Wiskunde 5 (60%) of 6 (70%) (jou Wiskundepunt bepaal watter Fisika- en Wiskunde-modules jy in jou eerstejaar kan neem)
1.2 Molekulêre Biologie en Biotegnologie	
1.3 Menslike Lewenswetenskappe 1.3.1 Fokusarea: Biologie 1.3.2 Fokusarea: Biologie met Sielkunde	
1.4 Sportwetenskap	
FISIESE WETENSKAPPE	
2.1 Chemie 2.1.1 Fokusarea: Chemie en Polimeerwetenskap 2.1.2 Fokusarea: Chemiese Biologie 2.1.3 Fokusarea: Toegepaste en Volhoubare Chemie 2.1.4 Fokusarea: Chemie met Chemiese Ingenieurswese	Fisiese Wetenskappe 4 (50%) EN Wiskunde 6 (70%)
2.2 Fisika 2.2.1 Fokusarea: Laserfisika (Fisies), Kern-, Stralings- en Gesondheidsfisika 2.2.2 Fokusarea: Laserfisika (Biologies) 2.2.3 Fokusarea: Teoretiese Fisika	
2.3 Aardwetenskap* 2.3.1 Fokusarea: Toegepaste Aardwetenskap 2.3.2 Fokusarea: Geo-omgewingswetenskap	Fisiese Wetenskappe 4 (50%) EN Wiskunde 6 (70%) OF <i>**n opsie vir toelating met:</i>
2.4 Geoinformatika*	Wiskunde 5 (60%)
WISKUNDIGE WETENSKAPPE	
3.1 Wiskundige Wetenskappe 3.1.1 Fokusarea: Operasionele Navorsing 3.1.2 Fokusarea: Toegepaste Wiskunde 3.1.3 Fokusarea: Wiskunde	Wiskunde 6 (70%) EN <i>Indien jy Fisika of Chemie gaan neem:</i> Fisiese Wetenskappe 4 (50%)
3.2 Rekenaarwetenskap 3.2.1 Fokusarea: Algemene Rekenaarwetenskap 3.2.2 Fokusarea: Rekenaarstelsels 3.2.3 Fokusarea: Datawetenskap	Wiskunde 6 (70%) EN <i>Indien jy Fisika of Chemie gaan neem:</i> Fisiese Wetenskappe 4 (50%)

Programme	Minimum toelatingsvereistes
INTERDISSCIPLINÊRE BSc	
4.1 Fokusarea: Biomediese Wiskundige Wetenskappe	Wiskunde 6 (70%)
4.2 Fokusarea: Biowiskunde	EN
4.3 Fokusarea: Bioinformatika en Berekeningsbiologie	Fisiese Wetenskappe 4 (50%)
4.4 Fokusarea: Toegepaste Medisinale Chemie	
INTERDISSCIPLINÊRE BDatSci	
5.1 Fokusarea: Toegepaste Wiskunde	Gemiddelde prestasiepunt (Lewensoriëntering uitgesluit) 80%
5.2 Fokusarea: Rekenaarwetenskap	Afrikaans of Engels Huistaal 60% of
5.3 Fokusarea: Statistiese Fisika	Afrikaans of Engels Eerste Addisionele Taal 75%
	Wiskunde 80%
SCHOOL OF TOMORROW*	
6.1 Alle programme	Toelatingsvereistes soos vir NNS / IEB EN Nasionale Normtoetse:
	Nasionale Akademiese Geletterdheid 71
	Kwantitatiewe Geletterdheid 70
	Wiskunde 69

Bylaag 2: Minimum toelatingsvereistes vir aansoekers met Internasionale Kwalifikasies

Aansoekers met Internasionale Kwalifikasies moet voldoen aan die vereistes vir universiteitsvrystelling soos bepaal deur die Matrikulasieraad, Universiteite Suid-Afrika.

- 1) 'n gemiddelde prestasiepunt van minstens 65%;
- 2) 'n prestasiepunt van minstens 50% in Afrikaans of Engels; en
- 3) met die minimum toelatingsvereistes vir hoofstroomprogramme soos hieronder uiteengesit:

Internasionale Kwalifikasie ¹	Universiteitsvakke wat geneem word	Minimum toelatingsvereistes
HIGCSE en Namibiese NSSC	Fisika of Chemie	Fisiese Wetenskappe OF Chemie <u>en</u> Fisika OF Natuurwetenskappe 3
	Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144	Wiskunde 2
	Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154	Wiskunde 3
AS-level	Wiskunde 114, 144	Wiskunde B
	Fisika 114, 144	Fisika C
	Wiskunde (Bio) 124	Wiskunde C
	Fisika (Bio) 134, 154	Fisika Fisika (GCSE/O) A
A-level	Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144	Wiskunde Chemie <u>en</u> Fisika C C
	Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154	Wiskunde Chemie <u>en</u> Fisika D D
	Fisika of Chemie	Fisiese Wetenskappe OF Chemie <u>en</u> Fisika 2
IB HL	Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144	Wiskunde 4
	Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154	Wiskunde 3
	Fisika of Chemie	Fisiese Wetenskappe OF Chemie <u>en</u> Fisika 2
IB SL	Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144	Wiskunde 5
	Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154	Wiskunde 4
	Alle programme	Kan slegs 'n universiteitsvrystellingsertifikaat bekom op aanbeveling van die Fakulteit Natuurwetenskappe. Moet voldoen aan programspesifieke vereistes (Bylaag 1) en Prestasie in die Nasionale Normtoetse (NNTs)
School of Tomorrow American High School Diploma IEB: International Secondary Certificate Any online schooling system	Alle programme	Kan slegs 'n universiteitsvrystellingsertifikaat bekom op aanbeveling van die Fakulteit Natuurwetenskappe. Moet voldoen aan programspesifieke vereistes (Bylaag 1) en Prestasie in die Nasionale Normtoetse (NNTs)

¹ Kontak die Internasionale kantoor (<https://www.su.ac.za/af/suinternational/contact-us>) vir die minimum toelatingsvereistes vir skoleindkwalifikasies wat nie in bostaande tabel gelys word nie.